

25 Februarie

**Skrifgedeelte: Jeremia 23
Fokusgedeelte: Jeremia 23:1-15**

Hulle verstrooi en Hy maak bymekaar

Daar is net een ware God en ons het as Christene net een Bybel as die ware Woord van God. Tog is daar baie godsdienstige strominge in die wêreld – selfs onder Christene. Elkeen het sy eie herder en elke herder het sy eie uitsprake en verklarings oor wie God is en watter weg die waarheid is. Die profete van die tyd van Jeremia het mekaar weerspreek. Elkeen het sy eie volgelingen gehad. Ons kan sê dat elke groep 'n ander rigting ingeslaan het met hul herder vooraan. Dit het ongekende godsdiensverwarring en uiteindelik verstrooiing meegebring. Teen hierdie predikers en profete wat die kinders van die Here in verwarring en verstrooiing bring, sal die Here se oordeel ontvlam. Hulle lewenspad sal glibberig word en uiteindelik in die duisternis eindig (Jer 23:12). Die Here laat egter nie een van hulle wat verlei was verlore gaan nie, want Hy sê: Hy sal uit die geslag van Dawid 'n spruit opwek, ja soos 'n wortel uit droë grond sal Hy uitspruit (Jes 53:2) en elkeen uit alle uithoeke van die wêreld en uit alle eeue van die tyd versamel om in die land wat die Here onse God vir hulle berei het te woon. En Hy wat kom se Naam sal wees: "DIE HERE ONS GERECHTIGHEID." Dus, Christus sal weer elkeen wat verdwaal of verlore geraak het bymekaar maak, want niemand sal uit sy hand geruk kan word nie.

Sing: Psalm 25:4

Ds DL de Beer (Emeritus)